

Skriflesing: 1 Timotheus 3: 1- 13; 5: 17-20Teks: **1 Timotheus 3:2a, 8a**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 89:3****TYDENS EREDIENS - Ps. 9:1,7,8; Ps. 25: 5,7; Ps. 33:5; Ps. 18:14,15****1 Timotheus 3: 1- 13****1Ti 3:1** Dit is 'n waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk.**1Ti 3:2** 'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig;**1Ti 3:3** hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar insiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie.**1Ti 3:4** Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen.**1Ti 3:5** Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem?**1Ti 3:6** Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland.**1Ti 3:7** Ook by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan, sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie.**1Ti 3:8** Net so moet diakens ook manne van goeie karakter wees. Hulle moenie uit twee monde praat nie en nie aan drank verslaaf of op oneerlike winsbejag uit wees nie.**1Ti 3:9** Hulle moet in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou.**1Ti 3:10** Vooraf moet ondersoek ingestel word na hulle geskiktheid, en as niemand beswaar teen hulle inbring nie, kan hulle as diakens dien.**1Ti 3:11** Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.**1Ti 3:12** 'n Diaken moet aan sy vrou getrou wees en sy kinders en sy eie huisgesin goed beheer.**1Ti 3:13** Dié wat as diaken goed gedien het, verwerf vir hulleself 'n eervolle plek in die gemeente en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.**1 Timotheus 5: 17-20****1Ti 5:17** Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee,**1Ti 5:18** want die Skrif sê: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie," en ook: "Die arbeider is geregtig op sy loon."**1Ti 5:19** 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word.**1Ti 5:20** Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan word.**Skriflesing:** 1 Timotheus 3: 1- 13; 5: 17-20Teks: **1 Timotheus 3:2a, 8a**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 89:3****TYDENS EREDIENS - Ps. 9:1,7,8; Ps. 25: 5,7; Ps. 33:5; Ps. 18:14,15**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons by die Godgegewe rol van vroue in die Here se kerk. Ons het dit duidelik kon sien hoe daar in die godsdienstige saamkom van God se huisgesin, in die ereediens, hoe die man hom moet gedra, ook het ons in besondere gelet op die vrou se besondere plek in God se huisgesin. Ook hoe die vrou nie in die ereediens leidinggewend mag wees nie. Wanneer ons met 1 Timotheus 3 besig raak, begin God nog fyner onderskeid te maak. Ons besef al God se kinders is gelyk, man en vrou is voor die Here ook gelyk aan mekaar, mans vroue wat vir mekaar tot hulp moet wees.

Efesiërs 5 vers 21 stel dat mans en vroue uit eerbied vir God aan mekaar onderdanig moet wees. Direk daarna kom daar weer 'n fyner onderskeid as die Here in Efesiërs vir die vroue sê - 22 *Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.*

23 Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. 24 Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

Ons het verlede Sondag dit ook gestel as ons voor die Here staan, is mans en vroue gelyk, maar God het verskillende verwagtinge in wat mense in hulle roeping en mens-wees voor die Here moet uitleef. God se verwagting van 'n man, God se verwagting van 'n vrou werk heeltyd ook met hierdie fyn onderskeid tussen die geslagte. Daarom as ons van hfst. 2 van 1 Timotheus oorbeweeg na hfst. 3, besef ons hoe fyn word daar in God se kerk besondere aandag aan die ouderlinge gee en ook weer unieke aandag aan hulle wat vir God diakens moet wees. Alles staan steeds by die kerngedagte waarmee die hele Timotheus brief werk dat elkeen moet weet hoe hy/sy, hom/haar in God se kerk, of soos ons in Timotheus lees, hoe mans en vroue hulle in God se huisgesin moet gedra.

Alles begin by vers 1 van 1 Timotheus 3 wat in alle opsigte ook kon staan as die einde van hfst. 2 dat ons met die betroubare woord van God te make het. So lees ons ook die ouer vertaling- *1 DIT is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.* Die 2020 vertaling stel dan ook die feit dat vroue nie ouderlinge mag wees nie, as 'n uitspraak wat betroubaar is. Dit dien as afsluiting van hfst. 2 maar tegelyk die inleiding op hfst. 3 dat ons het in alles te make met God se betroubare woord. Die 1983 vertaling stel dit gewoon- *die woord is waar...* Ook waar dat as iemand 'n opsiener wil wees, of dan nou 'n ouderling, begeer hy 'n goeie taak. Die ouer vertaling praat van 'n *voortreflike werk.*

Wanneer Paulus dan dieper hierop ingaan dan beskryf hy eintlik heeltyd drie sake. Dit gaan vir hom om die taak van die man wat die amp moet bedien maar ook van watter karakter moet so 'n mens wees. Tegelyk wat is nou uiteindelik God se doel met hierdie twee ampte. Kom ons eerstens die aandag skuif na ...

Die taak wat hier ter sprake kom:

Ons het reeds gehoor Paulus beskryf hierdie taak as 'n voortreflike werk. Nie soseer dat die mens wat die taak verrig so wonderlik is nie, maar die werk wat God in hierdie roeping verlang is iets buitengewoon groot. 'n Voortreflike werk noem hy dit. Ons besef dit is 'n werk met ewigheids waarde. God se bedoeling aan 'n ouderling verbind is eintlik bo tyd verhewe. Ouderlinge doen ewigheids werk want hulle moet met mense kan werk wat glo

hulle lewe is 'n lewe in ewigheid. Dit gaan nie net oor al die dinge hier op aarde nie, maar uiteindelik gaan dit oor dinge wat bó hierdie aardse lewe strek. Ons beseft wie ek ook al is, op een of ander stadium, of ek nou daarvan hou of nie, my werk op aarde het 'n beginpunt en het 'n eindpunt. Die impak wat ek as goeie aardse werker, goeie boer, of goeie ambagsman of goeie besigheidsman, of wat ook al gemaak het, dinge gaan verby en so ook jou werk, hoe maklik word mense vergeet as hulle op aarde nie meer is nie.

Jou dienswerk vir God is nie uit hierdie aarde vir hierdie aardse bestaan bestem nie, maar moet wees uit God, vir God in diens van God. God hou jou dienswerk in stand as dit sy wil is. Hier geld in besonder die uitspraak in Openbaring 14 vers 13 as Johannes dit kon neerskryf- *13 En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf — salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.* 'n Ouderling se werk, 'n diaken se werk is werk waarvan God die waarde bepaal en die taak daaraan gebind gee nie aan die mens die eer nie, maar God moet die eer kry. Ouderling en diaken mag in besonder weet, julle werk volg julle, of dit goed was of sleg.

Hierdie besondere taak verg inspanning, opoffering en moet nie dink as ek dit maar so halfhartig doen, sal God dit nie eers agterkom nie. Dit is 'n werk wat my en jou oor ons prioriteite ernstige vrae moet laat vra. Soos ons verlede keer al kon wys dit is eintlik dienswerk, by wyse van spreuke, mans wat bereid is om ander se voete te was. Dienaars van God op 'n besondere wyse tot hierdie diens van ouderling of diaken geroep.

Die taak van 'n ouderling gebruik die Nuwe Testament hoofsaaklik twee woorde. Opsier of ouderling. In Titus 1 lees ons albei hierdie benaminge sommer kort na mekaar. In vers 5 dan word van ouderlinge gepraat en in vers 7 weer van 'n opsier. Dit is ook weer 'n fyn onderskeid tussen hierdie twee soos ons reeds vandag gesien het, God werk voortdurend met fyn onderskeidings wat daar ook by ons moet wees.

'n Opsier se kyk is wyer as die van 'n ouderling. Tog moet 'n ouderling, opsier en ouderling kan wees. 'n Opsier kyk met 'n wyer lens na mense en sake, 'n ouderling het weer 'n fyn oog, 'n fyn aanvoeling, ingestel nie soseer op sake of dinge nie, maar 'n fyn oog wat werklik omgee vir mense. 'n Ouderling is een wat geroep is om met groot sorg na die gemeente te kyk. Hy is wagter en herder tegelyk. In baie opsigte dalk wagter-opsier maar

ook herder-ouderling. 'n Wagter moet kan waghou, 'n herder moet kan lei en bewaar en versorg. Ouderlinge moet albei kan wees, wagter en herder. Wagter oor die gesonde leer, herder oor die kudde wat geleer moet word. As ons later in 1 Timotheus 5 weer van die ouderlinge lees dan staan daar ...*Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee...*

Ons besef en dit het ons verlede Sondag ook baie duidelik wou maak, daar is vir 'n man nie status en posisie en een of ander hiërargiese posisie ingebou as ek God as ouderling moet dien nie, maar dit gaan wel daarvoor dat ouderlinge moet kan leiding neem. Hulle moet voorlopers en 'n voorbeeld kan wees. Soos die Bybelse beeld van 'n herder ons altyd moet bybly, herders in die ou dae het nie hulle skape aangejaag nie, maar die herder het voor die skape uitgeloop en die skape het hom gevolg. Opsieners laat ons ook besef God roep mense wat ander moet wil opsoek. In die Ou Testament het die woord opsiener spesifiek betrekking gehad op die Here wat mense besoek. God doen huisbesoek en Hy wil dit deur sy dienaars doen. Laat ons dit nooit vergeet as jou ouderling jou besoek nie dan staan hy in opdrag van God wat jou wil opsoek deur sy Woord en Gees. Die mans as ouderlinge moet maar net dienaars van God se Woord en Gees wees.

En as God sommige roep tot die leeramp, m.a.w. hulle moet vir God leraars wees, predikante, (Calvyn maak die fyner onderskeid ook tot die doktore-amp- Artikel 2 van ons Kerkorde waaruit ook professore gekies en beroep kan word). Dan verduidelik Paulus aan Timotheus dat die ouderlinge wat goed regeer dubbele eer waardig is, veral die wat arbei in woord en leer. So een moet van die woord wil lewe. Die predikant wat die evangelie verkondig moet ook uit die Evangelie kan leef, is hoe God se Gees Paulus gelei het in die neerskryf hiervan.

Direk hiernaas, die taak van 'n diaken, is hoegenaamd nie ondergeskik of van kleiner belang as die van 'n ouderling nie. In so baie mense se denke maak ons hierdie grondfout, wat eintlik dui op kortsluiting-denke. Waar kom die kortsluiting is wanneer gemaak word of diakens eintlik maar 'n voorskool is om later ouderling te wees. Terwyl die diaken en sy vrou word as eenheid aangespreek, as ons aanvaar vers 11 is in besonder gerig tot die vroue van diakens. *Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.*

'n Diaken wat behoorlike dienswerk wil doen, kan eintlik nie sonder sy vrou dit doen nie. In 'n sekere sin geld dit natuurlik ook vir ouderlinge hoe 'n man nie werklik goeie ouderling kan wees as sy vrou hom nie ook hierin in besonder ondersteun nie. Die vrou wat as hulp geskape is, hulp wat by die man pas, is ook 'n besondere hulp by die ampte, wat vir mans helpers moet wees, in besonder ook as diakens mense in nood, fisies in nood, materieel in nood, die swakkes, die siekes, dié wat ly, die wat 'n stukkie kos benodig, God wil ons oë deur die diakens daarvoor oopmaak.

Daar is tog 'n saak uit te maak, soos ons die drieërlei amp in die Ou Testament gekry het, mense was gesalf tot konings, profete en priesters so moet die regeer ouderlinge koninklik vir God werk, die predikante moet profeties vir God kan werk, die diakens moet in besonder priesterlik omgee vir mense.

Die woord diaken, kom van die Griekse woord, *diakonos*, wat weer wys op die mees basiese wat elkeen in die amp voor die Here nie mag vergeet nie. *Diakonos* beteken letterlik dienaar, om iemand te dien. In groot liefde is hulle Nuwe-Testamenties priesters vóór God en vir God. Hulle moet die gemeente in ware diensbaarheid voorgaan. Talle plekke in God se Woord word nie net diakens by die amp genoem nie, maar moet ons almal as gelowiges, ons almal wat in die amp van gelowige staan, moet dienaars wees. Die woord *diakonos* word op talle plekke vir die dienswerk van gelowiges gebruik.

Die diakens doen nie hierdie dienswerk namens die gemeente nie, maar eintlik gaan dit daaroor dat die diakens moet sorg dat die dienswerk in die gemeente gedoen word. Daar is by 'n diaken 'n dringendheid dat dit moet gebeur. Die bevestigingsformulier gebruik die besondere uitdrukking by diakens dat die liefde **DRING** hulle, ja dit is die enigste amp wat ons by die bevestiging lees dat diakens **die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld moet laat SKITTER!** Hulle word in hierdie opsig iets van sterre in God se koninkryk, daar moet 'n skittering wees! Daarom nooit ondergeskik nie, maar vir God geskik en laat ons as mense onself deeglik ondersoek as ons werk met hierdie onderrok wat heeltyd uithang as ons dink die diakens is maar manne op pad na wat later ouderlinge moet word. Dis twak!

Geliefdes oor die taak vir ouderlinge en diakens was ons redelik breedvoerig, kom ons wel ook in die tweede plek ook vra -

Dit wat die karakter van die ampsdraer moet wees:

Die Here se Woord is duidelik oor watter eienskappe die ampsdraer moet hê. Ons kry eintlik 'n lys van eienskappe. Alles begin met hy moet onberispelik wees. By die diakens staan hulle moet hulle *waardig gedra*. Onberispelik beteken gewoon om nie onder verdenking te wees nie. Daar is niks wat jou vasgryp en jou lewe oorheers nie. Ek behoort nie aan geheime organisasies soos bv. die Vrymesselaars wat 'n geweldige vashou op mans kan verkry nie. Ons kan dit dalk vir mense wegsteek maar vir die Here steek ons dit nie weg nie. Daar moet nie die dinge wees wat die gesag wat jy moet bedien moet ondermyn nie. Jou karakter moet die van 'n gelowige man wees. Selfs mense buite die gemeente moet jou vertrou. Dit gaan oor integriteit. Ja, die eienskappe spreek so duidelik. *moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; 3 hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie.*

By die diakens staan dit net so duidelik- *8 Net so moet diakens ook manne van goeie karakter wees. Hulle moenie uit twee monde praat nie en nie aan drank verslaaf of op oneerlike winsbejag uit wees nie. 9 Hulle moet in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou. 10 Vooraf moet ondersoek ingestel word na hulle geskiktheid, en as niemand beswaar teen hulle inbring nie, kan hulle as diakens dien.* In Efese, ja kom ons vra die vraag maar ook na Postmasburg se kant toe, die probleem rondom drankmisbruik, word duidelik en pertinent aangespreek. By die ouderlinge staan – *hulle moet nugter wees... by die diakens hulle moet nie aan drank verslaaf wees nie...*

Hoe belangrik ook dat juis die dienaars van God in die ampte in die week dieselfde man moet wees wat Sondag deel van die erediens is. Een wat dink hy presteer deur met besigheid uniek skelm te wees, die een wat baie keer heeltemal te veel drink, sy vrou en kinders verniel, maar Sondae ewe vroom in God se kerk sit. So een bring die geloofwaardigheid van God se roeping in die gedrang. Die man wat hom vroeër of later nie teen mense nie, maar teen God sal vasloop. Tog moet ons met klagtes teen kerkraadslede baie versigtig te werk gaan. Die kwaadwilligheid en die listigheid van Satan is dikwels daarop uit om hierdie manne onder verdenking te bring. God se Woord bewoord die versigtigheid deur dit duidelik te maak- 1 Tim 5:19- *19 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word.*

As mense die Here se kerk en die Here se dienaars kan beswadder en die lewe vir hulle moeilik maak, is geen kuns nie. Ons kry dit van gemeente na gemeente. Skinderstories is baie en maklik. Ons lewe ook in 'n dorp waar die skinderstories vinniger vlieg as wat die vlakke van beurtkrag verander, het iemand dit mooi gestel. Daarom verwag eerder die goeie van julle ouderlinge en diakens en as die kwade werklik na vore kom, moet ons mekaar help om die kwaad uit die gemeente uit te weer. Moet nie die kwaad met kwaad wil vergeld nie. Dit bring niemand nêrens nie. Daarom vir ouderlinge en diakens geld hierdie sewe karaktereenskappe vir elkeen, elke dag. 1. Man van een vrou 2. Nugter wees en nie aan drank verslaaf nie. 3. Ingetoë, fatsoenlik, vriendelik. Nie uit twee monde praat nie. Nie altyd bakleierig wees en fout met alles en almal soek maar net nooit by jouself nie. 4. Ouderlinge veral moet bekwaam wees om te onderrig maar dan beteken dit om te onderrig moet ek die Bybel ken. 5. Ons het baie wat hiervan afhang. 'n Ouderling en diaken moet sy eie huis goed kan regeer. Hy moet werklik hoof van sy vrou en huis kan en wil wees. 6. Paulus sien ook ampsdraers as manne wat al 'n tipe van volwassenheid in hulle geloof moes bereik het. Ons lees in 1 Tim 3:6- *6 Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland.* En dan die sewende so in die geheel gesien dat daar iets van 'n proeftyd moet wees voordat daar bevestig kan word. Daarom kondig ons die name af van die manne wat voorgestel word om bevestig te word. Ten minste moet dit by 3 afkondigings gebeur. Geliefdes as ons vandag in die laaste plek vra-

Wat is God se doel met die ampsdraers?

Ons moet dit beslis volgende keer nog dieper en breedvoeriger hanteer. Ons kan gewoon dit stel, hulle moet daar vir God wees. By Hom begin dit, by Hom moet dit eindig. Vers 5 van 1 Tim 3 stel dit dat die ampte moet sorg dat mense naby aan die Here wil bly. Daarvoor het ons 'n ontsaglike groot verantwoordelikheid.

Ook as manne in ons gemeente ligtelik met hulle roeping omgaan, ook as daar nuwes geroep moet word, dan vra ek die vraag is dit vir jou wesentlik dit wat gebeur. Jy staan voor die lewende God, Hom moet ek antwoord as daar geroep word. Ek antwoord nie vir mense nie, maar vir God. God skenk die gawes, die roeping gaan ook van Hom uit. Moet nie durf waag met beide van hulle mors of ligtelik daarmee om te gaan nie. Ons is reeds gewaarsku dat ons nie in die oordeel van die duiwel wil kom nie. Om in die oordeel van die duiwel te beland is ook die man wat weet ek moet antwoord, maar ek antwoord eerder die duiwel as wat ek vir God antwoord. Met die duiwel speel ons nie speletjies nog minder kan ek probeer om vir

God 'n rat voor die oë te draai. Kom ons 'n volgende keer nog werklik die dieper doel van hierdie voortreflike werk vir God weeg as ek besef niemand is in die amp omdat ek mense gelukkig moet hou, of ek aan standarde van mense myself moet meet nie. Mense moet pamperlang nie. Daarvoor word ons ook moeg. Ons werklike doel is Christus, sy kerk, sy roeping, sy sending, aan Hom moet ek my kan verantwoord. Dan werk ons uit liefde vir God en sy kerk en ons besef die kerk is hier ter wille van God se koninkryk, waar dit 'n duur gekoopte roeping en prys waarmee gewerk word. Die bloed van God se eie Seun het die prys betaal. Daarmee mag ons nie mors nie. Daarvoor bid ons en ons leef dit uit dit wat Hebreërs 13 vers 7 ons ook mee voorgaan- *7 Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.*

AMEN